HOOFSTUK 4

METODOLOGIESE WERKSWYSE VAN DIE STUDIE

4.1 Inleiding

Geesteswetenskaplike navorsing het onder meer ten doel om antwoorde op menslike probleme te vind en feite vas te stel. In die onderhawige studie stel die navorser ondersoek in na die faktore wat ’n persoon motiveer om bedrog te pleeg.

Ter aanduiding van die metodologiese werkswyse wat in hierdie studie gevolg is, word eerstens gefokus op die navorsingsontwerp, wat insluit die oogmerke van die studie, die ontledingseenheid en die tydsdimensie. Die afbakening van hierdie navorsing en die metodes waarvolgens data ingesamel en verwerk is, word ook bespreek.

4.2 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is volgens *Palys* (1997:76) die opstel van ’n “werkplan” waarvolgens die navorser inligting kan insamel om die doelwit van die navorsing op ’n eenvoudige, elegante en sistematiese wyse na te streef. Derhalwe omvat die navorsingsontwerp algemene oorwegings soos die oogmerke van die studie, maar ook spesifieke besluite wat die wie, wat, wanneer, waar en hoe insluit.

Die benadering wat gevolg is, het ’n kwalitatiewe dimensie omdat motivering, wat die kern van hierdie studie is, ’n kwalitatiewe begrip is wat nie syfermatig (kwantitatief) gemeet kan word nie.

Die aspekte van elke oortreding word volgens die teoretiese raamwerk van *Sacco* en *Kennedy* uiteengesit en geëvalueer. Daarna word ook as deel van die ondersoek onderhoude gevoer met sommige kundiges wat verdere insig in bedrog kan gee.

4.2.1 Oogmerke van navorsing

Hoewel die oogmerke van ’n groot aantal studies binne die kader van geestesnavorsing dikwels verkennend, beskrywend of verklarend van aard is, is die doelstelling van hierdie navorsing deels beskrywend, deels verklarend. Hierdie besluit is hoofsaaklik beïnvloed deur die formaat van die navorsingsvraag wat daarna streef om die motiveringsfaktore vir die pleeg van bedrog te probeer bepaal (*Neser, Joubert* en *Sonnekus* 1995:157). Derhalwe word die motiewe vir bedrog beskryf en die misdaadverskynsel teoreties verklaar.

4.2.1.1 Beskrywende studie

Hierdie ondersoek is beskrywend van aard in die opsig dat dit fokus op ’n sorgvuldige beskrywing van ’n spesifieke individu of groep persone, naamlik die

bedrieër(s). Die begrip “beskrywende navorsing” word ten beste deur die volgende skrywers gedefinieer:

Neuman (2000:21): “*Beskrywende navorsing verteenwoordig ’n beeld van die spesifieke besonderhede van ’n situasie, sosiale vestiging of verhouding.”*

Rosnow en *Rosenthal* (1996:15): “*The research objective is to describe what is happening behaviorally.”*

Die kriminoloog *Mannheim* (in *Neser et al.* 1995:158) het ook die belangrikheid van beskrywende studies vir die kriminologiese vakwetenskappe beklemtoon. Beskrywende navorsing fokus gevolglik volgens hom op die vrae “Hoe?” en “Wie?”, soos: “Hoe het dit gebeur?” en “Wie is betrokke?”

Dit is hierdie soort vrae wat die navorser kan help om meer lig op hierdie ondersoek na die motiveringsfaktore te werp en dit dus te beskryf. Dit is veral in die literatuurstudie sowel as tydens die ontleding van die inhoud van die dokumente dat baie van hierdie kwessies wat bespreek word, duidelik na vore getree het. Dit het aan die navorser ’n breër beskrywing van die *modus operandi* van die bedrieër verskaf.

4.2.1.2 Verklarende studie

Die studie is verklarend in die opsig dat daar na die toeligting van sekere verskynsels gestreef word. Volgens *Neser et al.* (1995:158) word verklarende navorsing dikwels onderneem om kousaliteit op die studieterreine van die vakwetenskappe te bestudeer. Wanneer ’n mens ’n saak benader wat reeds bekend is en oor ’n beskrywing daarvan beskik, kan jy begin wonder waarom sekere dinge is soos dit is. Die begeerte om te weet “*hoekom*” en om dit te verduidelik is die doel van verklarende navorsing. Dit bou voort op verkennende en beskrywende navorsing en gaan verder om die rede te identifiseer wanneer iets gebeur. Verklarende navorsing soek dus na oorsake en redes (*Neuman* 2000:23).

Derhalwe is hierdie studie ’n kombinasie van dokumentêre en empiriese navorsing.

Nadat die navorser die dokumentêre aspekte van al die subjekte ondersoek en ontleed het, is onderhoude met kundiges gevoer sodat ’n beter verklaring vir die optredes van die meeste oortreders gebied kon word.

4.2.2 Ontledingseenheid

’n Ontledingseenheid kan beskryf word as al daardie dinge wat navorsers ondersoek om opsommende beskrywings van sulke eenhede te skep en om die

verskille daartussen te verduidelik. Enige soort individu kan die ontledingseenheid vir sosiaal-wetenskaplike navorsing wees en navorsing handel gewoonlik oor spesifieke tipes of klasse individue (*Babbie* 2001:95).
Die ontledingseenheid waarop hierdie studie toegespits is, is individue wat aan die pleeg van bedrog skuldig bevind is. Gevolglik vind die ontleding van die inligting in hierdie ondersoek op individuele vlak plaas en is die identifisering van die populasie hierop gebaseer.

4.2.3 Tydsdimensie

Al die gevalle wat by hierdie studie betrek is, is oortreders wat in die sewe jaar van 1994 tot 2001 in Suid-Afrikaanse strafhowe op bedrogklagte verhoor en daaraan skuldig bevind is. Daar was egter een geval wat reeds tien jaar gelede, in 1994, gevonnis is, maar van wie die appèlverhoor eers gedurende 1999 plaasgevind het. Laasgenoemde saak is dus ook binne die vyfjaartydperk ná die appèlhofuitspraak afgehandel.

4.3 Afbakening van die studie

Uit die volgende omskrywings van steekproef-populasies kan afgelei word dat enige navorsingsondersoek op die een of ander wyse afgebaken word.
’n Steekproef kan beskryf word as ’n groep individue wat vanuit ’n groter populasie geselekteer word by wyse van steekproeftrekking, waaruit die eintlike

data vir die navorsing van verkry word (*Dyer* 1995:89). Die doel van ’n steekproef is om “in te staan” vir die populasie na wie ondersoek ingestel is. Die rede waarom ’n steekproef getrek word, is dat dit onmoontlik is om die hele populasie te ondersoek (*Dyer* 1995:89).

Kwalitatiewe navorsers trek selde ’n verteenwoordigende steekproef vanuit ’n groot aantal gevalle om hierdie steekproefgevalle intensief te bestudeer, wat juis die doelwit in kwalitatiewe navorsing is (*Neuman* 2000:196).

Daar bestaan twee tegnieke van afbakening, naamlik waarskynlikheid- en nie-waarskynlikheid- steekproeftrekking.

4.3.1 Nie-waarskynlikheid-steekproeftrekking

Die navorser het gebruik gemaak van nie-waarskynlikheid-steekproeftrekking. Hierdie metode is minder ingewikkeld en meer ekonomies as waarskynlikheidsteekproewe (*Huysamen* 1993:45). Die nie-waarskynlikheid-steekproeftrekking bied ’n manier om die moeilikheid te bowe te kom wat voortspruit uit ’n onvermoë om presies te spesifiseer hoeveel individue daar in die steekproef is (*Dyer* 1995:106).

4.3.2 Doelgerigte steekproef

In hierdie studie word meer spesifiek van ’n doelgerigte steekproef gebruik gemaak wat volgens *Huysamen* (1993:46) die belangrikste soort nie-

waarskynlikheid-steekproef is. ’n Navorser gebruik gevolglik sy/haar ervaring of ondervinding om doelbewus proefpersone op so ’n wyse te bekom dat die verkreë steekproef verteenwoordigend van die betrokke populasie sal wees. Die belangrikste vereiste waaraan die steekproef moet voldoen, is dat die oortreder reeds deur die hof skuldig bevind is aan bedrog. ’n Voorvonnisverslag moes ook tydens die verhoor gelewer en ná vonnisoplegging saam met die oortreder se hoflêer geliasseer gewees het.

Die enigste probleem met doelgerigte steekproewe is dat verskillende navorsers verskillend te werk kan gaan om een te bekom en dat dit onmoontlik is om te oordeel in watter mate hulle verteenwoordigend van die betrokke populasie is (*Huysamen* 1993:36). Dit is juis om laasgenoemde probleem te voorkom dat die navorser bedrogoortreders verteenwoordigend van alle bevolkingsgroepe, rasse en geslagte, by die navorsing ingesluit het.

Die aard van die doelgerigte steekproef stel die navorser in staat om onderhoude met kundiges te voer wat insette rakende die bedrogkwessie kan lewer.

Bepaalde sake wat aan die vereistes van die steekproefselektering voldoen het (sien afdeling 4.3.4), is vir hierdie doelgerigte studie geselekteer.

4.3.3 Steekproefpopulasie

Die steekproefpopulasie kan beskryf word as diegene wat “instaan” vir persone vanuit die werklike populasie (*Dyer* 1995:89).

Hierdie steekproefpopulasie is met groot omsigtigheid gehanteer deurdat geen uitsondering in die selekteringsproses van die navorsingsubjekte gemaak is nie, maar ’n verskeidenheid bedrogoortreders ingesluit is, ongeag demografiese verskille.

4.3.4 Metode van steekproeftrekking

Die metode van steekproeftrekking is uiters belangrik. Dit kan bepaal of die steekproef geldig is of nie. Die metode wat op hierdie navorsing van toepassing is, is die ewekansige selektering van die steekproef. Ewekansige toewysing word deur *Rosnow* en *Rosenthal* (1996:189) beskryf as die onbevooroordeelde toewysing van die steekproefeenhede. Hierdie ewekansige selektering vergroot die steekproefeenhede se verteenwoordiging vanuit die groter populasie vir hierdie ondersoek.

In die proses om die steekproefeenhede te selekteer het die navorser slegs ’n versoek tot die klerk van die hof gerig om inligting te verskaf oor reeds gevonniste oortreders wat aan bedrog skuldig bevind is. Die enigste kriteria wat gestel is, is dat daar vir elkeen ’n voorvonnisverslag moet wees.

Geen onderskeid is gevolglik gedurende die selekteringsproses gemaak betreffende eienskappe soos ras, geslag, die vonnis of die aard van die bedrogklag nie.

In die selektering van respondente vir die voer van die persoonlike onderhoud is daar gepoog om respondente vanuit ’n breë spektrum van instansies te kies om eweredigheid te verseker. Met die oog op uitvoerbaarheid is daar byvoorbeeld slegs een van die volgende persone vir die studie geselekteer: voorsittende beampte, senior staatsaanklaer van die *Ondersoekdirektoraat vir Ernstige Ekonomiese Misdaad (Edeem),* bedrogondersoekbeampte by *Suid-Afrikaanse Nasionale Polisiediens*, die hoof van die eenheid teen bedrog in Kaapstad, hoofde van forensiese ondersoeke by twee finansiële instellings en senior personeellede van twee forensiese ouditeursfirmas in Kaapstad.

4.4 Data-insameling

Data-insameling kan beskou word as die proses waarmee gegewens deur middel van waarneming verkry word. Aangesien motiveringsfaktore ’n kwalitatiewe begrip is en nie maklik syfermatig gemeet kan word nie, is daar besluit om van meervoudige metodes gebruik te maak om data in te samel om sodoende die geldigheid van die studie te bevorder en gevolglik ’n geldige verklaring vir die bevindings van die ondersoek te bied.

Die meervoudige konsep word deur *Rosnow* en *Rosenthal* (1996:13) beskryf as: "*In many areas of behavioral science, research has evolved since the early 1970's to embrace what is described as a multiplistic (or pluralistic) viewpoint, that is, the use of multiple methods of observation and explanation instead of a single method of observation or a single theoretical perspective*."

Vir data-insameling tydens hierdie navorsing is grootliks van sekondêre inligtingsbronne gebruik gemaak. Sekondêre analise behels die herontleding van data wat voorheen vir ander doeleindes versamel is. Hierdie werkswyse het 'n aansienlike besparing van die navorser se tyd tydens data-insameling tot gevolg gehad, aangesien dit nie-reaktief en 'n vindingryke gebruik is van hope data wat in die moderne samelewing gegenereer is.

Daar is besluit om 'n dokumentêre studie te onderneem omdat al die feitelike inligting reeds in 'n openbare hof blootgelê is. Al hierdie inligting wat verifieerbaar en reeds in 'n hof getoets is, is ook meestal aan kruisverhoor onderwerp.

4.4.1 Fase 1: Dokumentêre studie

Hierdie erkende metode van data-insameling, ook bekend as inhoudsanalise, kan in kwantitatiewe, kwalitatiewe sowel as gevallestudies aangewend word (*Sarantakos* 1998:274).

Inhoudsanalise kan beskryf word as 'n metode om die inhoud van dokumente te bestudeer in 'n poging om die betekenis van die inhoud daarvan vas te stel

(*Sarantakos* 1998:461). Hierdie metode is op sosiale navorsing van toepassing en ’n dokumentêre metode wat kwantitief sowel as kwalitatief kan geskied deur die ontleding van teks, foto’s en enige ander vorm van verbale, visuele of geskrewe kommunikasie. *Sarantakos* is van mening dat daar in die bestudering van dokumente tussen twee soorte inhoud onderskei kan word, naamlik die gemanifesteerde en die latente inhoud. Die gemanifesteerde inhoud is byvoorbeeld woorde of aanhalings waarvan die frekwensie of voorkoms deur die navorser getel word. Die onderliggende betekenis van die latente inhoud tree deur die dokumente na vore. In hierdie geval lees die navorser “tussen die lyne” en maak hy/sy aantekeninge van die verskuilde inhoud daarvan wat van waarde kan wees.

Curran en *Renzetti* (1994:308) wys egter daarop dat die ontleding van dokumentêre inhoud ’n hoogs subjektiewe metode is omdat die navorser self die verteenwoordigende materiaal selekteer. Ander faktore wat in gedagte gehou moet word, is dat die navorser nie altyd op die betroubaarheid van die historiese data kan staat maak nie, aangesien dit verskillend deur verskillende persone geïnterpreteer word. Laastens moet die potensiële partydigheid van die navorser self in ag geneem word, wat aansluit by *Curran* en *Renzetti* se opmerking wat hierbo genoem is.

Met inagneming van al die voorafgaande faktore wat tydens dié tipe navorsing kan opduik, word hier hoofsaaklik gewerk met retrospektiewe dokumente, dit wil sê dokumente wat geproduseer is nadat die strafbare oortreding gepleeg en die

oortreder daarvoor gevonnis is. Hierdie dokumente sluit in voorvonnisverslae wat opgestel is deur ’n maatskaplike werker tydens die evaluering van ’n oortreder op versoek van die hof waarin die oortreder verhoor is. ’n Ander vorm van dokumentasie behels elektroniese bandopnames wat gedurende die verhoor gemaak en gewoonlik saam met die voorvonnisverslag by ’n hof ingedien is.

4.4.1.1 Toeganklikheid van inligting

Skriftelike toestemming is vooraf by die hooflanddros van die *Bellville*-hof verkry wat die navorser gemagtig het om ’n dokumentêre studie te onderneem (*sien Bylae* A). Dit het die navorser direkte toegang gebied tot die oortreders se leêrs wat by hierdie hof bewaar word. Hierdie leêrs bevat alle relevante inligting oor die oortreder, verslae, aantekeninge, elektroniese opnames wat gedurende die hofsaak gemaak is, en so meer.

Die hoof van die *Departement van Maatskaplike Dienste* in Kaapstad het ook skriftelike verlof gegee (*sien Bylae* B). Laasgenoemde het die navorser ook voorsien van toepaslike nommers van hofsake om op te volg.

Die vraag of finansiële redes die oorwegende motief vir die pleeg van bedrog is, word volledig bespreek aan die hand van die inhoud van die voorvonnisverslae.

Champion (2000:304) stel dit duidelik dat dit moontlik is om navorsing te doen sonder dat daar enige direkte kontak met mense nodig is. Sommige navorsers

bestee gedurende hul professionele loopbaan baie tyd daaraan om sekondêre bronne te bestudeer.

Aandag word hier geskenk aan die metode en tegniek om data in te samel. Dit is belangrik, aangesien die data metodologies korrek moet wees om aan die vereiste van wetenskaplikheid te kan voldoen (*Joubert* 1998:17).
Die inligting wat in hierdie studie vanuit die retrospektiewe bronne verkry is, word binne die raamwerk van die misdaadgebeurtenis-model aangeteken om struktuur aan die data te gee. Daar word grootliks staatgemaak op die ontleding van die inhoud van oortreders se voorvonnisverslae en klagstate, die luister na die howe se bandopnames van die oortreder se verhoor en die bestudering van sommige appèlhofuitsprake. Hierdie inligting word aangevul deur persoonlike onderhoude met sleutelpersone wat by die hantering van bedrogsake betrokke is.

Die hoofmetode van data-insameling was die onopvallende metode. Aangesien hier van meervoudige metodes gebruik gemaak word, word die proses in twee fases verdeel. Fase 1 fokus op die dokumentêre studie en fase 2 op onderhoude met kundiges. Onopvallende meting is nie-reaktiewe metodes van data-insameling. Dit is maniere om inligting te verkry sonder dat die subjekte daarvan bewus is dat hulle bestudeer word. Dat die subjekte onbewus hiervan is, skakel enige reagerende uitwerking wat dit tot gevolg kan hê, uit.

Vervolgens gaan aandag gegee word aan sommige soorte onopvallende metodes wat tydens hierdie studie van toepassing was en in nader besonderhede verduidelik word.

4.4.1.2 Argiefbronne

Voorbeelde van argiefbronne is gedenkbriewe, dagboeke en historiese dokumente wat baie inligting bevat wat ’n historiese oorsig van kriminologiese sake kan verskaf. Die ontleding van beskikbare data behels nie net dié van amptelike statistieke en registers nie, maar ook prosedures soos inhouds- en sekondêre analise (*Hagan* 2000:237).

In aansluiting by *Hagan* se beskrywing van argiefbronne as ’n onopvallende data-insamelingsmetode sê *Palys* (1997:218) dat die navorsing hieroor enige inligting behels wat in sigkopieë soos registers of dokumente vervat is. Alhoewel hierdie data uit geskrewe weergawes of bandopnames van toesprake, foto’s, koerante, boeke of private materiaal soos briewe en dagboeke kan bestaan, is die grootste kategorie van argiefmateriaal die bestaande lopende rekords en statistiese inligting wat deur alle vlakke van staats- en ander openbare organisasies saamgestel is.

Van die voordele verbonde aan die bestudering van argiefmateriaal is dat baie hiervan aangewend kan word in die bestudering van longitudinale analisering binne die konteks van gebeure van die verlede. Nog ’n voordeel is dat die ondersoeker keer op keer kan terugkeer na die gegewe dokument om verdere of

ander inligting te verkry. Die laer koste van ’n argiefondersoek in vergelyking met ander metodes is ook van groot belang vir die navorser.

’n Ander belangrike faktor is die feit dat hierdie soort inligting oor die algemeen minder beïnvloedbaar is deur reaktiwiteit as ander interaktiewe tegnieke.
Van die hofdokumentasie wat in hierdie ondersoek nagevors is, is:

Klagstaat: Elke oortreder se klagstaat is sorgvuldig bestudeer. Die klagstaat is ’n bron wat dikwels omvattende inligting bevat oor die oortreder sowel as die oortreding self. ’n Volledige klagstaat skets gewoonlik die agtergrond van en omstandighede waarin die misdaad gepleeg is en die oortreder se aandeel daaraan.

Voorvonnisverslag: Min databronne werp soveel lig op die agtergrondomstandighede van die oortreder as die voorvonnisverslag. In die ontleding van die voorvonnisverslae het die navorser heelwat inligting oor die nagevorste oortreders bekom wat uit argiefrekords verkry is. ’n Voorbeeld is inligting wat in een van die gevalle verskaf is deur ’n voormalige onderwyser van die persoon.

Oudiovisuele bandopnames: Gedurende enige verhoor in ’n hof binne die Republiek van Suid-Afrika word die volledige gesprekvoering tydens die hofverrigtinge op oudiovisuele band vasgelê. Nadat die saak afgehandel is, word

hierdie bande saam met die hoflêer vir ’n tydperk van ongeveer drie jaar bewaar by die spesifieke hof waar die saak verhoor is.

Met spesiale toestemming van die hof kan daar na hierdie opnames geluister word, indien nodig. Aangesien die opnames met ’n spesiale bandopnemer gemaak word, kan ’n mens nie met ’n gewone bandopnemer daarna luister nie, maar slegs met die hof s’n.
Die navorser het heelwat tyd by die hof deurgebring om na hierdie bande te luister. Die inhoud van die bande stem grootliks ooreen met die inligting wat in die voorvonnisverslae verskyn, sowel as die aantekeninge wat in die verhoorfase deur die hofbeamptes gemaak is.

Ander dokumente: Benewens die gewone hofdokumentasie soos die klagstaat, voorvonnisverslag en oudiovisuele bandopnames is daar ander bronne wat ’n waardevolle bydrae lewer tot insig in die oortreder en die misdaadvoorval. Dit sluit in aantekeninge en notas wat deur die voorsittende beampte tydens die hofsaak gemaak en by die oortreder se lêer ingevoeg is. Hierdie inligting word saam met die ander dokumentasie oor die oortreder in die hof se argief bewaar.

4.4.1.3 Ontleding van hofdokumentasie

Hofdokumentasie behels al die tersaaklike inligting oor die oortreder wat in die loop van die hofsaak versamel is of reeds voor die hofsaak tydens die ondersoek na feite wat as bewyslewering kon dien, na vore gekom het.

Die ontleding van die hofdokumentasie, wat grotendeels bestaan het uit voorvonnisverslae en die aantekeninge van die voorsittende beamptes tydens die verhoor, het as hoofbron van verwysing in hierdie ondersoek gedien.

Al die inligting is eerstens gerangskik volgens die kriteria waaraan dit vir die ondersoek moes voldoen. Die kriteria waaraan elke geval gemeet is, is ’n volledige voorvonnisverslag, klagstaat, oudiovisuele bandopname en hofaantekeninge. Indien inligting ontbreek het, soos die bedrag geld wat betrokke was by die misdryf, die vonnis of die predisponerende faktore, is die geval in ’n laer rangorde gerangskik. Die navorser het agterna die verlore inligting probeer opspoor. Waar dit nie moontlik was nie, is die geval uitgeskakel.

4.4.2 Fase 2: Onderhoude met kundiges

Wanneer gegewens deur middel van persoonlike onderhoude ingewin word, besoek die onderhoudvoerder die respondente tuis of by hul werkplek om hierdie taak te verrig. Met kundiges is daar onderhoude by hul werkplek gevoer. In hierdie geval het die navorser eerstens al die persone wat vir onderhoude geïdentifiseer is, telefonies genader. Die navorser het homself kortliks aan die

persone voorgestel en die aard en die noodsaaklikheid van die onderhoude verduidelik. Daar was geen negatiewe reaksie deur hierdie persone nie en almal, met uitsondering van een persoon, het tot die onderhoude ingestem. Die navorser het die indruk gekry dat al die persone geredelik hul samewerking gegee het. Dit is duidelik dat die onderwerp (bedrog) vir hulle ’n bron van kommer is.

’n Fokusonderhoud is ’n gesprek wat met kundiges gevoer word en waarin hulle dan die een of ander ervaring met die ondersoeker deel nadat dit noukeurig vooraf deur die onderhoudvoerder bestudeer is (*Champion* 2000:259).

Mauser en *Nagel* (in *Flick* 1991:91) omskryf onderhoudvoering met kundiges as ’n spesifieke soort onderhoud waarin van semi-gestruktureerde onderhoudvoering gebruik word. Hulle sê dat in teenstelling met biografiese onderhoudvoering is die respondent as persoon van minder belang as die hoedanigheid wat hy/sy vervul, naamlik om ’n kundige te wees op ’n sekere gebied of van ’n sekere aktiwiteit, in hierdie geval bedrog. Die doel van hierdie tipe onderhoudvoering is spesifiek om van die kundiges insette aangaande die oortreders se misdrywe te kry. Die motiveringsfaktore vir die pleeg van bedrog van elke bestudeerde saak is breedvoerig met hierdie individue bespreek om hul mening hieromtrent te bekom. Dit het die navorser in staat gestel om geldige afleidings te maak.

Tussen die volkome gestruktureerde onderhoud aan die een kant en die ongestruktureerde onderhoud aan die ander kant is daar grade van

gestruktureerheid moontlik. Onderhoude tussen hierdie twee uiterstes word semi-gestruktureerd genoem (*Huysamen* 1993:149).

Vir die doel van hierdie navorsing is van die semi-gestruktureerde onderhoudsproses gebruik gemaak. Die rede hiervoor is dat daar onderhoude gevoer is met persone wie se belange en ervaring met betrekking tot bedrog uiteenlopend is. Hul agtergrond strek van ’n voorsittende beampte tot sakelui. Hierdie proses van onderhoudvoering maak voorsiening vir die uiteenlopenheid van die verwagte terugvoering en is derhalwe buigsaam.

’n Ander oorweging vir die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoudvoering is dat hierdie metode die voordeel bied om betreklik objektief te wees en terselfdertyd die onderhoudvoerder toelaat om ’n vollediger kennis van die respondent se menings en redes daarvoor te kry (*Borg* en *Gall* 1989:452). Somtyds lewer die semi-gestruktureerde onderhoud probleme op tydens die gesprekvoering. Veral probleme met rigtinggewing kom hier voor – dit is die navorser se ondervinding dat van die kundiges minder geïnteresseerd is om ’n persoonlike mening te gee, maar eerder vanuit ’n bepaalde posisie of hoedanigheid indrukke wil weergee. Die behoefte by die onderhoudvoerder om dit duidelik te stel tydens die onderhoud dat hy/sy ook bekend is met die onderwerp, is oor die algemeen ’n voorwaarde vir die sukses van sulke onderhoude.

Die interpretering van onderhoude met kundiges is hoofsaaklik daarop gemik om die inhoud van die kundige se kennis te analiseer en te vergelyk (*Flick* 1998:91-92).

Al die persone met wie onderhoude gevoer is, was entoesiasties en het nie gehuiwer om van hul ervarings met die navorser te deel nie. Daar kon duidelik afgelei word dat hierdie persone bekommerd oor die bedrogsituasie is.

4.5 Dataverwerking

Die hoeveelheid toepaslike inligting wat deur die kundiges verskaf word, is heelwat meer beperkend as in ander onderhoude. Dit is die gevolg van hierdie persone se gespesialiseerde kennis en fokus binne hul verwysingsraamwerk.

4.5.1 Dokumentêre studie: Inligtingskedule binne die teoretiese raamwerk

Die inligtingskedule dien as riglyn vir die onderhoudsgids en help die navorser om voor te berei vir die onderhoude ten einde gepaste vrae te stel. Meer spesifiek bestaan dit uit ’n vraelys waarvolgens data wat uit die dokumentasie verkry is, aangeteken word. Die inligtingskedule (sien *Bylae A*) het vyf afdelings, naamlik persoonlike/biografiese inligting, individu-gerigte faktore, kinderjare, maatskaplike faktore en die werkverband van die oortreder. Hierdie inligting help om te fokus op die motiveringsfaktore binne die raamwerk van die

misdaadgebeurtenis-model. Elke saak wat navorser ondersoek het, is met die kriteria van die inligtingskedule vergelyk. Hierdie aspekte in *Bylae B* is beduidend wanneer ’n misdaad soos bedrog nagevors word. Dit is die essensie van hierdie teoretiese raamwerk om al hierdie aspekte sinvol te integreer om die motivering vir die pleeg van die misdaad deur die oortreder beter te verstaan.

4.5.2 Onderhoudvoering

Benewens die inligtingskedule wat ter voorbereiding vir die uiteindelike onderhoud aangewend is, het die navorser in die werklike onderhoudvoering gebruik gemaak van ’n onderhoudsgids (sien *Bylae B*). Laasgenoemde behels ’n lys van die onderwerpe en aspekte wat met die spesifieke tema te make het en wat die navorser in die loop van die onderhoud ophaal indien die respondent nie self daarby uitkom nie (*Huysamen* 1993:149). Dit is om hierdie rede dat ’n onderhoudsgids hier ’n rigtinggewende funksie dien met betrekking tot die uitsluiting van onproduktiewe onderwerpe. Die gids vervul ’n belangrike funksie, aangesien die werk wat dit geverg het om te ontwikkel, verseker dat die navorser nie as ’n onbevoegde gespreksgenoot voorkom nie.

Die onderhoudsgids bestaan uit vier afdelings. Die eerste afdeling handel oor demografiese faktore, gevolg deur misdaadbesonderhede, die misdaadgebeurtenis en ten slotte die inwin van menings. Daar is onderhoude gevoer met agt kundiges op die gebied van bedrog. Die besonderhede van hierdie persone word in tabel 5.3 uiteengesit.

4.6 Geldigheid van die studie

Een van die metodes om vas te stel of ’n ondersoeker aan basiese wetenskaplike vereistes voldoen het ten tyde van enige navorsingsprojek, is om na die metodologiese werkswyse te kyk. Hiermee kan bepaal word of sekere basiese empiriese riglyne soos die geldigheid, betroubaarheid en etiese beginsels deel uitmaak van die ondersoek.

Empiries word deur *Plug, Meyer, Louw* en *Gouws* (1993:87) omskryf as “ *’n Term wat dui op iets soos byvoorbeeld kennis wat op waarneming en ervaring berus eerder as op spekulasie en nadenke alleen”.*

Wat navorsing betref, voer *Plug et al.* (1993:87) aan dat “empiries” verwys na alle metodes waarvolgens kennis deur middel van waarneming ingesamel word, of om teorieë en hipoteses deur middel van waarneming te toets. In kriminologiese navorsing is dokumentêre studies ’n belangrike wetenskaplike metode, aangesien dit aan empiriese geldigheid voldoen. Om die geldigheid van hierdie studie te bevorder was dit die navorser se hoofdoel om in die ondersoek aan empiriese vereistes te voldoen. Dit is juis om hierdie rede dat daar besluit is om van meervuldige metodes tydens die insameling van inligting gebruik te maak.

In hierdie navorsing word hoofsaaklik met retrospektiewe dokumente gewerk, met ander woorde dokumente wat ná die kriminele oortreding en vonnisoplegging geproduseer is. Voorbeelde van retrospektiewe dokumente sluit in klagstate, voorvonnisverslae, hofuitsprake en die luister na die howe se

oudiovisuele bandopnames. Aangesien hierdie databronne reeds aan die reg blootgestel en in ’n openbare hof getoets is, behoort probleme soos partydigheid en die betroubaarheid van die inligting tot die minimum beperk te wees. Twee belangrike aspekte wat deel vorm van die meeste empiriese navorsing, insluitend hierdie studie, is dié van geldigheid en betroubaarheid.

4.6.1 Geldigheid

Geldigheid vorm die hoeksteen van empiriese navorsing. Die doelstelling is dus om akkurate bevindings te maak en om te meet wat dit veronderstel is om te meet (*Sarantakos* 1998:78). Hier moet bepaal word of dieselfde resultate ten opsigte van die navorsingsonderwerp behaal word indien gebruik gemaak word van ander metodes of maatstawwe, terwyl dieselfde metode gebruik word om verskillende konsepte te meet, verskillende resultate lewer.
Die belangrikheid van die gebruik van die gestandaardiseerde misdaadgebeurtenis-model as basiese raamwerk waaraan elke saak aan moes voldoen, bevorder die geldigheid van hierdie studie.

4.6.2 Betroubaarheid

Betroubaarheid het te make met die stabiliteit en konsekwentheid van meting. Indien die studie herhaal sou word, sou die meetinstrumente stabiele en gelykmatige maatstawwe lewer. Voordat die konsekwentheid van die meting in

ag geneem word, behoort akkuraatheid eerste gestel te word. ’n Konsekwent onakkurate meting van ’n verskynsel wat voorspelbaar verkeerd is, is daarom nie van veel waarde nie (*Hagan* 2000:282).

In die beplanningsfase is sorgvuldig aandag gegee aan die aspek van betroubaarheid. Die belangrikheid van die misdaadgebeurtenis-model as konsekwente rigtingwyser kan weer eens nie genoeg beklemtoon word nie. Alhoewel elke oortreding verskillende veranderlikes bevat, voldoen dit uiteindelik aan die konsekwente meting van die misdaadgebeurtenis-model omdat die raamwerk van die individu-gerigte model gestandaardiseer is.

4.7 Samevatting en gevolgtrekking

Die sistematiese uiteensetting van die metodologiese werkswyse van die studie weerspieël die bevoegdheid van die navorser om ’n misdaadverskynsel soos bedrog op ’n wetenskaplik aanvaarbare wyse te ondersoek. Besonderhede van die navorsingsontwerp, afbakening van die studie, insameling van data en die verwerking daarvan gee ’n breedvoerige uiteensetting van die stappe wat in die navorsingsproses gevolg is.

In die volgende hoofstuk word die twee fases van die proses van data-insameling, naamlik die dokumentêre studie en die onderhoude met die kundiges, in besonderhede bespreek.